CHRISTINE VAN WYK-*TOERE*

CHRISTINE VAN WYK *TOERE*
*vir die fynproewer*

(EDMS) BPK
REG NR 94 01824/07

# BOOTVAART NEDERLAND en BELGIË met ANDRÉ RIEU-KONSERT

## TOERPROGRAM 18 – 27 Julie 2025

**Julie**

**Vr 18** **JOHANNESBURG – AMSTERDAM**

Ons ontmoet op 1**8 Julie** om **19:15** by **KLM** se inweegtoonbanke by **Terminaal B** op die O.R. Tambo-lughawe in Johannesburg. Ons vertrek om **23:15** met **Vlug KL 592** na **Amsterdam**

**Sa 19** **AMSTERDAM – BRUSSEL – MAASTRICHT**

Ons land vanoggend om **10:20** in **Amsterdam** en vertrek om **13:45** met **Vlug KL 1705** na **Brussel**, waar ons om **14:35** land. Ons reis per bus na **Maastricht**, waar ons aan boord gaan van die **Otello**. Met aankoms ontvang u 'n kajuitsleutel en maak u tuis in u kajuit. Daarna woon ons 'n skemerparty by waar die bootpersoneel aan ons bekend gestel word en geniet ons die eerste aandete op die boot.

**So 20** **MAASTRICHT**

Die Otello lê naby die ou stad. Na ontbyt het ons vrye tyd.

Daar is baie te sien in hierdie pragtige stad – volgens oorlewering Nederland se oudste stad. Nie ver van die boot af nie, kan 'n mens opsionele busuitstappies onderneem om iets meer van Maastricht te sien en van die stad se geskiedenis te leer.

Ons het ook geleentheid om te gaan kyk waar Vrijthof geleë is en die stad op ons eie te verken. In die straat agter Vrijthof se verhoog, is 'n André Rieu-museum wat die moeite werd is om te besoek. Aangesien ons vroeg môre-oggend vertrek, is vandag die enigste geleentheid vir inkopies in Maastricht.

Ná 'n vroeë aandete op die boot stap ons as 'n groep, elkeen gewapen met 'n Suid-Afrikaanse vlaggie, na Vrijthof. Die atmosfeer in die strate is gewoonlik elektries. Dis 'n belewenis om saam met duisende ander mense van oor die hele wêreld hierdie skouspel te ervaar. Rieu en sy orkes en sangers voer ons weg met die walse van Johann Strauss en die musiek van ander komponiste. Ons kuier tot net voor middernag saam met ander en keer dan in groepies terug na die boot.

**Ma 21** **MAASTRICHT – ANTWERPEN**

Ons boot vertrek vanoggend om **06:00** na **Antwerpen**, waar ons vanaand om **20:00** aankom. 'n Heerlike dag van vaar en luilekker kuier in die sitkamer of op die dek lê voor, terwyl die Nederlandse en Vlaamse landskap by ons verby beweeg.

**Di 22** **ANTWERPEN**

Met sowat 540 000 inwoners is Antwerpen die grootste stad die provindie Vlaandere in België. Dit lê aan die Schelderivier met een van die grootste binnehawens in Europa.

Ons kry geleentheid om die Grote Mark met sy indrukwekkende gewelgeboue te bewonder en miskien 'n Belgiese bier te geniet of die lekkerste sjokolade te proe. Die skilder Rubens het in Antwerpen gewoon en gewerk en van sy kunswerke kan in die *Onze-Lieve-Vrouwe*-katedraal langs die markplein gesien word. Dis die grootste katedraal in die Lae Lande en steeds Antwerpen se hoogste gebou. Die stad se Groot Markplein is vir verkeer gesluit en is die ideale plek om rond te stap. Antwerpen se stadsaal is aan die plein geleë.

**Antwerpen** is die hoofkwartier van Europa se diamanthandelaars en -slypers. Sowat 85% van die wêreld se ongeslypte diamante word jaarliks hier verhandel.

Die boot vaar om **17:00** verder en meer om **21:00** vas in Vlissingen.

**Wo 23** **VLISSINGEN – MIDDELBURG – VEERE**

Na ontbyt het ons geleentheid om hierdie ou stad op die eiland Walcheren te besoek. Die stad het al in 1315 stadsregte gekry. Dit het 'n ryk maritime geskiedenis en pragtige parke en strande.

**Vlissingen** word met 'n kanaal met Middelburg verbind.

Die middestad spog met sowat 300 gelyste monumente

Posbus 17203 | Pretoria-Noord | 0116

Tel: 012 546 4967 | Faks: 086 530 2326 | E-pos: info@toere.co.za | Web: www.travelentoer.co.za

Terwyl ons middagete geniet, vaar die boot na **Middelburg** waar ons om **13:30** vasmeer.

Middelburg is die hoofstad van die provinsie Zeeland en 'n pragtige ou stad met tradisie. Met sy historiese huisies aan die kanaalkant, kronkelstraatjies en die laat-Gotiese stadsaal met sy toring wat bekend is as "Lange Jan", bied Middelburg baie om te sien. Die stadsaal, wat in 1452 opgerig is, met sy ryk versierde fasade, word beskou as een van Nederland se mooiste geboue.

Talle restaurantjies en kafeetjies lê verspreid om die stadsplein en nooi as't ware verbygangers om te kom aansit.

Ons het geleentheid om in hierdie pragtige ou stad tyd te bestee. Die boot vertrek om 18:30 na **Veere,** waar dit ongeveer 20:00 vasmeer vir die nag.

Ons kan na aandete in Veere gaan rondstap. Hierdie ou stad is veral bekend vir sy handel in wol met Skotland in die 16de eeu. Op die kaai is daar twee laat-Gotiese huise (Nommers 25 en 27), die sogenaamde "Skotse Huise" wat aan Skotse handelaars behoort het in die verre verlede.

Die stad Veere lê aan die Veerse-meer op die eiland Walcheren.

**Do 24 VEERE – GORINCHEM**

Vroegoggend om **06:30** vertrek ons en vaar deur die Nederlandse platteland.

**Gorinchem,** soms ook genoem **Gorkum,** is 'n stad in die Weste van die provinsie Suid-Holland met 'n bevolking van ongeveer 38 500. Vissermanne en boere het die stad meer as 1000 jaar gelede op 'n hoog geleë stukkie grond tussen die Linge- en Merwede-riviere begin.

Weens sy militêre belangikheid het dit 'n gefortifiseerde stad geword en deel gevorm van die Waterweg-verdedigingstelsel. Deel van hierdie stelsel het die grootste oorspronklike fort in Nederland en is as geheel in 2021 op UNESCO-wêrelderfenis se lys geplaas. Dit is die grootste ommuurde stad in Nederland.

Die uitbreiding strek tot buite die stadsmuur. As 'n mens deur die ou middestad stad stap, raak jy bewus van die karakter van hierdie geskiedkundige erfenis. In die verte kan die Groot Toring gesien word. Die Linge hawe van vroeër is deesdae 'n marine gebied in die ou stadsgedeelte. Die kafeeterasse bied 'n mooi uitsig op die water met die bootjies en seiljagte. Die straatkafees nooi jou om deel te word van hierdie mooi omgewing. Die stad bied heerlike inkopie geleenthede.

Kasteel Doornenburg (*Door nenburg)* is een van die juwele van die stad.

**Vr 25 GORINCHEM – LELYSTAD**

Vanggend vroeg, terwyl ons nog slaap, vertrek die boot na **Lelystad** – 'n "nuwe moderne" stad wat gebou is op die bodem van wat eers die Suidsee was. Vandag is dit die hoofstad van Flevoland. Die stad het 'n bevolking van sowat 80 000 en lê gemiddeld 3 m benede seevlak. Geniet onderweg daarheen vir oulaas die waterweë van Nederland.

**Sa 26 LELYSTAD – AMSTERDAM – SCHIPHOL**

Ons vertrek om **07:30** na Amsterdam, waar ons tyd gaan spandeer totdat ons om **13:00** per bus na Schiphol gaan, vir vlug KL 1409 wat om **16:30** na Parys vertrek. Ons land **17:45** in Parys en vertrek om **21:35** na Johannesburg**.**

**So 27** Ons land om **08:10** op **O.R. Tambo Lughawe** na 'n toer vol hoogtepunte en baie nuwe vriende wat ons gemaak het.

***LW:*** *Weens omstandighede buite ons beheer kan dit gebeur dat die toerprogram aangepas moet word.*